Pasiënt Plakker

Ingeligte Toestemming: Senuweeblok vir handchirurgie

Waarom ‘n senuweeblok vir handchirurgie aanbeveel word:

Omdat handchirurgie post-operatief soms baie pynlik is help ‘n senuweeblok vir pynbeheer. Goeie pynbeheer bespoedig mobilisasie, herstel en hospitaal ontslag.

Wat is ‘n handblok?

‘n Lokaalverdower word om en naby die senuwees wat die hand voorsien ingespuit. Dit kan in die nek, oksel, voorarm of in die hand gedoen word. Om beserings van die senuwees te voorkom word hulpmiddels soos ‘n sonar of senuweestimulator gebruik asook ‘n spesiale naald. Hierdie blokke word meestal gedoen terwyl u onder narkose is, maar dit kan ook gedoen word terwyl u wakker is. Die blok kan veroorsaak dat u arm of hand vir die duur van die blok verlam is of ‘n slaapgevoel het. Indien die blok goed werk kan die verdowing 6-24 uur duur. U narkotiseur sal u gedurende die chirurgie moniteer en u evalueer voordat u die teater verlaat.

❖ Konta-indikasies:

- Indien u voorafgaande senuweeskade van die arm of die hand het.
- Indien u allergies is vir lokale verdowingsmiddels.

Ten spyte van die beste sorg en die nodige voorsorgmaatreëls is daar altyd ‘n risiko vir komplikasies.

❖ Komplikasies:

- Gevoeligheid, swelling of bloeding van die inspuitarea.
- Dit kan gebeur dat die blok glad nie werk nie of net gedeeltelik werk.
- Senuweeskade wat tydelik of permanent kan wees.
- Lokale verdowingsmiddel wat in die bloedsirkulasie beland kan toksisiteit veroorsaak met konvulsies en selfs hartarres.

Die handblok is ‘n opsie vir pynbeheer wat ons u bied en dit bly u keuse om te besluit of u dit gedoen wil hê. U is onder geen verpligting om dit te laat doen nie en u word aangemoedig om enige onduidelikhede met u narkotiseur te bespreek.

Ek_____het bogenoemde gelees, verstaan dit en gee hiermee toestemming dat ‘n handblok op myself/ my afhanklike gedoen kan word.

Geteken_____ **Datum**_____

(Pasiënt, ouer of wettige voog)

Handig asseblief die getekende dokument aan u Sjirurg se kamers - Dankie